HELDERBERG UITREIK: Helderberg Hospitaal

Helderberg Hospitaal spreek hul hartlike dank uit vir die betrokkenheid en omgee van die kerk en die liewe lidmate oor die afgelope jare. Daar is ook groot waardering vir die pakkies wat afgelewer word. So dan ook vir finansiële donasies daarvoor en vir almal wat help print, knip, plak en pak. Ons kan steeds nie die pasiënte besoek nie, maar hulle sal graag ons geskenkpakkies met 'n kort geestelike boodskappie daarop, vir hulle uitdeel. Ons fokus kan dus weer terugskuif na die pasiënte, maar ons sal wel soms die personeel bederf met 'n verrassinkie. Verdere donasies wat waardeer sal word, is:

- ***geestelike boeke vir oud en jonk****, wat deurlopend in sale versprei sal word.*
- ***klerasie ook vir oud en jonk****, asb. reeds gewas, gestryk en gevou.*
- ***babakleertjies***

Alle donasies kan by die kerkkantoor afgegee word. Ons herinner net dat **finansiële donasies** vir die projek asb. aangedui word met **verwysing: Helderberg Hospitaal**.
Ons waardeer die voorbidding en betrokkenheid van almal.
Lynette Jacobs, Projekleier: Helderberg Hospitaal

HELDERBERG UITREIK: Helderberg Babas

Baie dankie vir die geleentheid om weer Helderberg Babas se behoeftes aan die gemeente bekend te maak.
Vir baba-versorgers se teetyd:
Beskuit/koekies, langlewe volroom melk, suiker.
Algemeen: Sneesdoekies, baba-afveedoekies (wipes) – *sensitive* soort, watte bolletjies/plat ronde watte sirkels.
Nogmaals dankie vir Moedergemeente se oorweldige ondersteuning en omgeeharte. Bydraes kan asb. by die kerkkantoor afgegee word.
Vir verdere navrae: Werner en Tania Schultz - 084 717 0660

Tee/koffie na die erediens

Kom drink gerus koffie/tee na die erediens in Kosmos. Dankie aan Elisma en Lynette wat aan die roer van sake staan.

Berg-en-Seeklub vir Senior Burgers

Byeenkoms:	Donderdag, 4 Augustus
Tyd:	09:25 – Tee en verversings 09:50 – Samesang en program
Plek:	Kerksaal
Spreker:	Dr Willem Botha - (Hoofredakteur WAT – Taaldinge op RSG)
Onderdwerp:	Hy praat oor interessante taalaspekte, bv. neologismes soos “koeshoes”, “sloertoer”, ens. Herkoms van vanne soos Van der Poel, Oost, ens. Herkoms van idiome soos “die koeël is deur die kerk”, ens.
Kunstenaar:	Leerders van Laerskool Somerset-Wes Voordragprogram
Toegang:	Lede R10 / Nie-lede R20

Almal is hartlik welkom!

Kategese

- **Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.**
- **Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.**

24 Julie: Gesinsdiens – Amazing Race

“Ek kan verander, omdat God kan – Saulus word Paulus.”

PROGRAM: KATEGESE vir JUNIOR FASE (Voorskool tot graad 6)

Datum	Aanbieding	Aanbieder
24 Jul	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
31 Jul	Bekendstelling: Menslike hindernisbaan	Hennie
14 Aug	Hou by die reëls	Suzelle
21 Aug	Ken jou opponent	Werner
28 Aug	Trek aan vir aksie!	Merizle
04 Sep	Hindernisse in die pad	Hennie
11 Sep	Vat vlam!	Suzelle
18 Sep	Bekendstelling: Mini Olimpiese Spele	Merizle
25 Sep	Opgee is nie ‘n opsie nie!	Hennie
16 Okt	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
23 Okt	Comrades kampioene	Suzelle
30 Okt	Sien die skare	Merizle
06 Nov	Wanneer die eindfluitjie blaas	Hennie
13 Nov	Prysuitdeling	Suzelle
20 Nov	**Gesinsdiens**: Kategese afsluiting en kersfees	Werner